NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

SKOOL VIR KOMMUNIKASIESTUDIES

KEURING VIR TOELATING TOT DIE BA MET KOMMUNIKASIEVAKKE EN DIE BCOM KOMMUNIKASIEBESTUUR

KEURINGSKEDULE VIR 2011

'n Beperkte aantal plekke is beskikbaar in die graad BA met Kommunikasievakke en die graad BCom Kommunikasiebestuur. Keuring vir toelating tot dié grade vind gevolglik in die voorafgaande jaar plaas.

Keuring vir die 2011-inname word in Julie 2010 gedoen. Daarom moet volledige aansoeke (ingesluit 'n portefeulje) op die heel laatste op 30 Junie 2010 by die Toelatingskantoor wees.

Die uitslag van die eerste keuring sal teen 15 Augustus 2010 beskikbaar wees. Die groot gros van die beskikbare plekke sal dan toegeken word. Alle aansoekers word skriftelik in kennis gestel.

Diegene wat goeie aansoeke ingedien het, maar onsuksesvol was en vir die tweede keuring in aanmerking wil kom, kan voorlopig vir die BA Geesteswetenskappe of 'n ander BComm-graad aanvaar word.

'n Tweede keuring vind vroeg in Oktober plaas en die uitslag daarvan sal teen 11 Oktober 2010 bekend wees. Voornemende studente wat by hierdie keuring in aanmerking kom, is die volgende:

- Voornemende studente wat nie betyds vir die eerste keuring aansoek gedoen het nie, maar wel 'n volledige aansoek voor einde September ingedien het.
- Genoemde voornemende studente wat nie tydens die eerste keuring die paal gehaal het nie, maar voorlopig tot 'n ander program toegelaat is.

Let wel: ‘n Aantal plekke word vir studente uit die **aangewese groepe** gereserveer. Hierdie studente moet aan die minimum akademiese vereistes voldoen en ook die brief en portefeulje indien soos hieronder aangetoon. Hoewel referate en vraestelle in Engels gedoen kan word, geskied die medium van onderrig tydens kontaksessies aan die Potchefstroomkampus in Afrikaans.

SPESIFIEKE VEREISTES: PORTEFEULJE EN BRIEF

1. Die universiteit vereis ‘n minimum APS-telling van 24 vir toelating tot die BA met Kommunikasievakke en BCom Kommunikasiebestuur , maar op die **Potchefstroom-kampus** word normaalweg **hoër vereistes** gestel weens die beperkte plekke wat in die programme beskikbaar is.

   Die jongste punte verwerf in graad 12 word vir keuring gebruik. Jy sal saam met jou aansoekvorm ‘n volledige inligtingstuk ontvang met inligting oor die berekening van die APS-telling.

2. ‘n Minimum NSS beoordeling van 'n 6 vir Afrikaans (of Engels) en 'n 5 vir die ander taal.

3.' 'n **Portefeulje en motiveringsbrief** waarin die volgende aangedui word:

   - Betrokkenheid by aktiwiteite soos skoolkoerant, debatte, kultuur en/of sport is belangrik. Vertel kortliks daarvan. Gewaarmerkte voorbeelde/afskrifte/bewyse van skryfwerk, fotografie, webbladsye, ontwerpe, ens. moet ter stawing ingesluit word, asook enige getuigskrifte. (‘n Onderwyser kan dit waarmerk.)

   - Ander belangstellings en aktiwiteite buite skoolverband, bv. gemeenskapsdiens en vakansie- of naweekwerk.

   - Jou mediagebruik. Meld watter media (bv koerante, tydskrifte, radio, TV en internet) jy graag gebruik, hoeveel en waarom. Watter boeke (buiten voorgeskrewe boeke) het jy die afgelope jaar gelees? Noem enkele.

   - Rede(s) waarom jy BA Kommunikasie/B Com Kommunikasiebestuur wil studeer. (Wees spesifiek oor watter beroepsrigting(s) jy in belangstel.)

- Beroepskontak wat jy al gehad het, byvoorbeeld ‘n gesprek met ‘n plaaslike kommunikasiepraktisyn (bv. ‘n joernalis, skakelbeampte). Dit is verpligtend om ten minste een so ‘n gesprek of kontak via korrespondensie te gehad het.

- **Geen** aansoek sal sonder bogenoemde portefeulje oorweeg word nie.

Aanbeveling/Opsioneel: Toepaslike psigometriese toets(e) wat op eie koste afgelê is waardeur jou geskiktheid vir die kommunikasiebedryf gepeil is. Die bevindinge moet by die aansoek ingesluit word.

Neem kennis dat die kommunikasiebedryf **uiteenlopend** is en dat mense met **verskillende vaardighede** en persoonlikhede daarin aangetref word. Maar oor die algemeen word die volgende belangrike eienskappe by suksesvolle kommunikasiepraktisyns in alle velde aangetref:

- ‘n Liefde en aanvoeling vir korrekte taal.
- ‘n Vermoë om taal kreatief te gebruik.
- ‘n Aanvoeling vir die visuele.
- Die vermoë om jou woord te doen.
- Die vermoë en gewilligheid om met ander in groepsverband oor die weg te kom.
- Sistematiese denke en stiptelike afhandeling van take.
- ‘n Belangstelling in aktuele sake.

Die Skool vir Kommunikasiebestuur kan nie onderneem om informele voorafkeuring van portefeuljes te doen nie.

Let wel dat bogenoemde datums en vereistes suiwer verband hou met **keuring** vir die BA met Kommunikasievakke asook die BCom Kommunikasiebestuur. Indien jy in aanmerking wil kom vir ‘n plek in ‘n **universiteitskoshuis** moet jy vroeër daarvoor aansoek doen. Die sluitingsdatum hiervoor is reeds in Junie, maar probeer vroeër jou aansoek deurstuur. Aansoeke vir plek in ‘n koshuis hoef nie die bogenoemde portefeulje in te sluit nie. Dit is twee afsonderlike prosesse.